| |
|---|
| Verslagwaardig: Ja / Nee |
| Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee |
| Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

| | |
|---|---|
| Saaknommer: | 86/08 |
| Datum Verhoor: | 2008-05-09 |
| Datum Gelewer: | 2008-05-16 |

In die saak van:

| | |
|---|---|
| **MARIA JOHANNA CHRISTINA UYS N.O.** | **APPLIKANT** |

*versus*

| | |
|---|---|
| **HENDRIK JOHANNES UYS** | **EERSTE RESPONDENT** |
| **ELIZABETH CLOETE** | **TWEEDE RESPONDNET** |
| **VIVIAN DI SCALA** | **DERDE RESPONDENT** |
| **MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF: NOORD-KAAPSE AFDELING** | **VIERDE RESPONDENT** |

*Coram:* MAJIEDT R

# REDES VIR BEVEL

MAJIEDT R:

1. Ek het in die Mosiehof die volgende bevel uitgereik:

> "*1. DAT die fotostatiese kopie (aangeheg as aanhangsel "B" tot die funderende verklaring van Maria Johanna Christina Uys) van die ses (6) bladsye dokument (met nege (9) klousules) onder opskrif: "Uiterste Wil en Testament", gedateer 2 November 2000 te DANIëLSKUIL, verklaar word as die Laaste Wil en Testament van die oorlede Mnr Hendrik Johannes Uys (ID nr: 301106 5027 082) voorheen woonagtig te Johanna van der Merwestraat 9, DANIëLSKUIL, Noord-Kaap Provinsie.*
>
> *2. DAT die Meester van die Hooggeregshof vir Noord-Kaap Provinsie gemagtig word om voormelde dokument te aanvaar as die Laaste Wil en Testament van voormelde Mnr Hendrik Johannes Uys, vir doeleindes van Artikel 8 van die Boedelwet, 1965, en die bereddering en afhandeling van die boedel daarooreenkomstig."*

Ek het die redes vir dié bevel voorbehou. Hier volg hulle.

2. Die applikante is die eggenote van wyle Mnr. Hendrik Johannes Uys (hierna verder verwys as "*die oorledene*"). Sy is ook die eksekutrise van die oorledene se bestorwe boedel en sy bring hierdie aansoek in sodanige hoedanigheid. Die eerste twee respondente is kinders gebore uit die huwelik tussen die applikante en die oorledene. Die derde respondent is die applikante en oorledene se skoonseun (die derde respondent se eggenote het afgesterf kort na die afsterwe van haar vader, die oorledene). Die vierde respondent is gesiteer in sy amptelike hoedanigheid. Die aansoek word nie bestry nie.

3. Die aansoek het ten doel om 'n verklarende bevel te bekom dat 'n fotostatiese afdruk van die oorspronklike testament van die oorledene verklaar word as sy laaste wil en testament en dat die Meester gemagtig word om dit as sulks te aanvaar.

4. Die fotostatiese afdruk van die oorsponklike laaste wil en testament van die oorledene is aangeheg as Aanhangsel B tot die stukke. Hierdie kopie is gemaak deur bankamptenare van die Eerste Nasionale Bank-tak te Daniëlskuil en is daarvandaan versend aan ene Mnr. Eugene Venter, verbonde aan Eerste Nasionale Batebestuur en Trustmaatskappy Edms (Bpk) se tak te Bloemfontein. Daardie tak sou die bereddering van die bestorwe boedel hanteer.

5. Dit blyk uit die applikante se funderende eedsverklaring dat, na die oorledene se afsterwe, sy die oorspronklike testament wat in hul huis bewaar is na die Eerste Nasionale Bank-tak te Daniëlskuil geneem het vir versending aan die voormelde trustmaatskappy te Bloemfontein wat kragtens klousule 9 van die testament as eksekuteur aangestel is in die boedel. Dit blyk verder dat 'n afdruk van die oorspronklike toe wel aangestuur is na Mnr. Venter te Bloemfontein en is die oorspronklike bewaar by die Eerste Nasionale Bank-tak te Daniëlskuil. Daar het dit egter verlore geraak en uit 'n stawende eedsverklaring van 'n voormalige amptenaar van die bank te Daniëlskuil, Me Els, blyk dit dat, ten spyte van intensiewe soektogte, die oorspronklike testament nie opgespoor kan word nie.

6. Volgens Aanhangsel B, die fotostatiese afdruk van die oorledene se laaste wil en testament, is dit 'n gesamentlike testament tussen die oorledene en die applikante. Daarvolgens vererf die bestorwe boedel aan die langslewende en waar die langslewende binne sewe dae na die eerssterwende tot sterwe kom, bevat die testament dan sekere bepalings vir die vererwing van die boedel in daardie omstandighede. Indien die onderhawige aansoek onsuksesvol sou wees en die aangevraagde regshulp nie toegestaan word nie, sal die eerste, tweede en derde respondente intestaat van die oorledene se boedel vererf, vandaar hul wesenlike belang in hierdie aansoek en gevolglik hul voeging as partye.

7. In haar funderende eedsverklaring het die applikante plegtig en onomwonde verklaar dat die fotostatiese afdruk van die laaste wil en testament wel 'n ware afdruk en juiste weergawe daarvan is. Sy het uit die aard van die saak eerstehands kennis daarvan, omrede sy 'n mede-testateur is. Sy het ook verklaar dat voor die oorledene se dood hulle twee die bepalings van die testament weer bespreek het en dat die oorledene tevrede was dat die testament in orde is en dat sy boedelsake behoorlik gereël is.

8. Wanneer 'n testament (wat wel bestaan het en in 'n testateur se besit was) na 'n testateur se oorlye nie gevind kan word nie, ontstaan daar 'n vermoede dat sodanige testament vernietig is *animo revocandi*.

Sien: **Corbett, Hofmeyr, Kahn: THE LAW OF SUCCESSION IN**

**SOUTH AFRICA (2de uitgawe, 2001)** te 99.

**Joubert, THE LAW OF SOUTH AFRICA (Eerste heruitgawe) Vol. 31** te par. 270 (bl. 177) en gewysdes daar aangehaal.

9. ‘n Party wat op ‘n verlore oorspronklike testament wil steun, kan regshulp by ‘n hof aanvra om ‘n afdruk van die testament geldig te verklaar en sodoende die voormelde vermoede te weerlê. Van so ‘n party word verwag om die volgende te bewys:

a) dat daar ‘n geldig verlyde testament was;

b) die omstandighede waaronder die oorspronklike testament verlore geraak het en dat ‘n volledige soektog op tou gesit is daarna;

c) dat daar geen *animus revocandi* was nie; en

d) wat die inhoud van die oorspronklike testament vervat het.

Sien in hierdie verband: **Corbett, Hofmeyr, Kahn,** *supra*, te 117;

**Van der Merwe en Rowland: DIE SUID-AFRIKAANSE ERFREG (6de uitgawe, 1990)** te 192.

**Meyerowitz on Administration of Estates and Estate Duty, 2007 uitgawe** te par. 3.5 (bl. 3-4).

10. Die bostaande vereistes moet op ‘n oorwig van waarskynlikhede bewys word en sal uiteraard afhang in elke geval van die bepaalde omstandighede wat van toepassing is. In die onderhawige geval is ek die mening toegedaan dat al vier vereistes behoorlik bewys is:

10.1 Eerstens is Aanhangsel B tot die stukke (die fotostatiese afdruk van die testament) bewys daarvan dat ‘n geldige testament inderdaad verly is.

10.2 Die omstandighede waaronder die oorspronklike testament verlore geraak het is volledig uiteengesit in die applikante se funderende eedsverklaring en is die feit dat die oorspronklike testament verlore geraak het toe te skryf aan die nalate van die amptenare van Eerste Nasionale Bank te Daniëlskuil. ‘n Volledige soektog is op tou gesit ten einde dit op te spoor, sonder enige sukses.

10.3 Die applikante beweer in haar funderende eedsverklaring dat sy en die oorledene kort voor sy dood sy boedelsake bespreek het en dat die oorledene tevrede was dat die testament in orde is en dat sy boedelsake na behore gereël is. Sy beweer verder dat die oorspronklike testament na die oorledene se dood in hul huis gevind is en dat sy dit toe na die Eerste Nasionale Bank te Daniëlskuil geneem het. Die gedagte was uiteraard dat die Bank óf die oorspronklike óf ‘n afdruk (in welke geval die oorspronklike óf teruggegee sou word vir die applikante óf veilig bewaar sou word by die bank in Daniëlskuil) aan te stuur na die Bloemfontein tak van die

Batebestuur en Trustafdeling van die Bank. In hierdie omstandighede is ek die mening toegedaan dat daar voldoende getuienis is om die vermoede van herroeping te weerlê.

10.4 Die inhoud van die testament verskyn in Aanhangsel B, die fotostatiese afdruk. Die applikante as mede-testateur bevestig onder eed dat dit inderdaad 'n getroue weergawe van die oorspronklike testament is. Sy is in staat om self eerstehands die inhoud as juis te bevestig aangesien dit ook haar eie testament is.

11. Ooglopend dus is die aansoek 'n heel eenvoudige een in dié sin dat die vier vereistes na behore bewys is soos wat ek alreeds hierin aangedui het. Die probleem in hierdie aansoek het ontstaan uit hoofde van die Meester se verslag. In sy verslag beweer die Meester in par. 5 dat hierdie aansoek gebring word in terme van die bepalings van art 8(4B) van die Boedelwet, no 66 van 1965 ("*die Wet*"). Daardie artikel lui as volg:

"*Die Meester kan vir doeleindes van hierdie Wet ook 'n duplikaat-oorspronklike testament aanvaar."*

Die Meester het by ontvangs van die afdruk van die oorspronklike testament dit as volg endosseer:

"*Geregistreer maar nie aanvaar nie, aangesien slegs afskrif is."*

12. Die voormelde benadering van die Meester kom egter op 'n wanopvatting neer. Hierdie aansoek word glad nie in terme van

art 8(4B) van die Wet gebring nie, maar ingevolge die gemenereg. Die Meester het in ‘n volledige verslag aangetoon waarom die fotostatiese afdruk nie aanvaar kan word nie, aangesien dit nie kwalifiseer as “’*n duplikaat-oorspronklike*” soos bedoel in art 8(4B) nie.

Artikel 8(4) van die Wet lees as volg:

*“(4) Indien dit aan die Meester blyk dat so 'n dokument wat 'n testament is of heet te wees, om die een of ander rede ongeldig is, kan hy, ondanks registrasie daarvan ingevolge (3), weier om dit vir die doeleindes van hierdie Wet te aanvaar totdat die Hof oor die geldigheid daarvan besluit het.”*

Die applikante bring juis hierdie aansoek om die Hof te vra om aangaande die geldigheid van die fotostatiese afdruk te beslis ingevolge die beginsels neergelê in die gemenereg. Die bepalings vervat in art 8 van die Wet herroep nie die gemeenregtelike posisie nie dat ‘n hof, in die geval van ‘n verlore oorspronklike maar waar ‘n afdruk beskikbaar is, sodanige afdruk kan verklaar as die testament van die oorledene. ‘n Verdere aanduiding daarvan dat art 8 nie die gemeenregtelike posisie verander het nie, is dat die betrokke bepaling reeds sedert 1965 in die Wet voorkom, maar dat die skrywers (Corbett, Hofmeyr, Kahn; Van der Merwe & Rowland; Meyerowitz ens) sedertdien steeds na die gemeenregtelike posisie verwys soos wat ek dit hierbo uiteengesit het in paragrawe 8 en 9.

13. In die lig van voormelde benadering is dit gevolglik nie nodig om in besonderhede te handel met die Meester se breedvoerige verslag waar hy ‘n bespreking voer oor wat ‘n duplikaat-oorspronklike is en

die gewysdes daaraangaande nie. Dit is na my mening voldoende om daarop te wys dat die Meester korrek is in sy verslag dat in die onderhawige geval Aanhangsel B, die fotostatiese afdruk, nie kwalifiseer as 'n duplikaat-oorspronklike nie. Soos ek egter aangedui het, en soos Mnr. Hertzog-Els korrek aangevoer het namens die applikante, is hierdie aansoek nie geskoei op art 8(4B) se bepalings nie, maar inderdaad op die gemeenregtelike posisie soos volledig na verwys hierin.

14. Gevolglik was ek tevrede dat die applikante 'n behoorlike saak op 'n oorwig van waarskynlikhede uitgemaak het en is die aangevraagde regshulp toegestaan soos uiteengesit in par. 1 van hierdie uitspraak.

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

NAMENS DIE APPLIKANTE : ADV HERTZOG-ELS
IN OPDRAG VAN : ENGELSMAN MAGABANE